


# Die lewensiklus van 'n **Padda**




## **Fase 1:**



Eiers

Dit begin alles met 'n vroulike padda wat honderde eiers lê, oor die algemeen in 'n dam na paring. Hierdie eiers wissel in vorm, grootte, en kleur. Die eiers dryf op die oppervlak van die water en hulle is bedek met 'n jellie wat optree as 'n beskermende laag. Aan die einde raak net 'n paar eiers bevrug.



## **Fase 2:**



Paddavis

Na 'n paar dae vorm 'n baba padda bekend as 'n paddavis vanuit die eier. Soos die tyd verby gaan ontwikkel die paddavissies uitwendige kuwe wat hulle help asemhaal onder die water. Hulle sterte begin om te verleng, en vinne ontwikkel ook. Hulle spandeer hulle tyd om plante en alge te eet.


### Fase 3:



Paddavis met bene

Na 'n paar weke begin hulle uitwendige kuwe verdwyn sowel as sy stert. Agterledemate begin verskyn. Dan na 'n paar weke begin die paddavis ietwat lyk soos 'n padder.

### Fase 4:



Kikkertjies

Die paddavis verander dan in 'n kikkertjie en in hierdie fase ontwikkel hulle ledemate voor asook longe om buite die water asem te haal.

### Fase 5:




Volwasse padder

Op die laaste fase word hul stert kleiner en verdwyn uiteindelik. Daarna hop die padder reguit uit die water na die droë grond vir die eerste keer, waar dit die volwasse fase in die volgende paar jaar binne gaan.

### Video Skakel (Opsioneel):

<https://youtu.be/F3EIGMVU6SY>



#### Wat jy gaan nodig kry:

- 4-5 A4 wit papiere (met of sonder lyntjies)
- Skêr
- Gom
- Inkleurpotlode
- Potlood/Pen/Swart merker

#### Opsionele materiaal:

- Kleur karton

#### Metode:

##### Stap 1:

Eerstens, knip 'n groot ovaal vir die lyf van jou padda. Gebruik jou inkleurpotlode om die hele ovaal donker groen te maak.

##### Opsioneel:

- Gebruik groen karton.



##### Stap 2:

Sny vier reghoeke uit vir die bene van jou padda en kleur hulle in met donkergroen. Vou al vier jou bene om te lyk soos die voorbeeld.




##### Opsioneel:

- Gebruik groen karton.

##### Stap 3:


Sny 12 klein sirkels en twee groot sirkels uit. Gebruik die lig groen vir die 12 kleiner sirkels en die twee groot sirkels bly wit. Gebruik 'n swart merker/pen/potlood om twee klein swart sirkels in jou groot wit sirkels te maak.




##### Stap 4:

Maak jou inligtingskaart. Dit moet soortgelyk aan die voorbeeld lyk. **ONTHOU:** Voeg name by die prente.

1. Eiers
2. Paddavis
3. Paddavis met bene
4. Kikkertjie
5. Volwasse padda



##### Prentjie voorbeelde:



##### Stap 6:

Plak al jou dele op die ovaal sodat dit soos die finale produk lyk.



## FINALE PRODUK

